

18 Februarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 3:12-29

Fokusgedeelte: Deuteronomium 3:26

Onverhoorde gebede?

Is daar so iets soos onverhoorde gebede? Dit lyk tog so as ons na ons teks kyk. Moses sê dit eksplisiet. Moses was een van die groot voorbidders in die Ou Testament, maar hier word sy versoek afgewys. Hy word selfs verbied om ooit weer oor hierdie saak te praat.

Ons mag nie vir verkeerde sake bid nie, soos byvoorbeeld dat die Here my sal seën as ek willens en wetens doen wat verkeerd is in sy oë.

Dit beteken nie dat Moses se sonde by Meriba nie vergewe is nie. Dit is ook nie altyd die sonde wat veroorsaak dat die Here ons gebede afwys nie. Die Here doen dit vir ons beswil. Soos Moses moet ons dus die Here se antwoord aanvaar, nie rebelleer of opstandig word nie.

Ten diepste is daar nie 'n onverhoorde gebed nie. Ook Moses se gebed is verhoor ver bo enigiets wat hy kon bid of dink. Hy is nie toegelaat om in die aardse Kanaän in te gaan nie, maar God het hom die hemelse Kanaän laat beërf. Eeue later verskyn hy saam met Elia aan Christus op die berg van verheerliking (Luk 9:31), binne-in die beloofde land.

Moses, die middelaar van die Ou Testament, kon vanweë sy sonde sy volk nie in die aardse Kanaän inlei nie. Daarteenoor is dit Christus, die volkome en enigste Middelaar, wat ons lei op die pad van volkome verlossing. Hy het ook 'n "onverhoorde" gebed gebid toe Hy in Getsemané gebid het dat die lydensbeker by Hom moet verbygaan. In Psalm 22 kon Hy op al sy lydensvrae geen antwoord kry nie. Dit is ter wille van ons dat God só teenoor sy eie Seun opgetree het. Nou is Hy ons Vader wat ons nooit vir 'n oomblik verlaat nie. Hy hoor ons altyd, ter wille van Christus.

Sing: Psalm 22:1, 2 Prof CFC Coetzee (Teologiese Skool, Potchefstroom)